A

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-02-08

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:
ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:
ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 341

(Bladsye 19 425 - 19 488)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 5 FEBRUARIE 1988.

MARIA MOLAWANI MOKATI, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : U edele, al die beskuldigdes is teenwoordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mevrou, voordat ons aangaan met die vergadering van 19 Augustus wil ek eers by u vasstel, u seun Lazarus, die een wat u sê ŉ polisieman is, is sy van ook Mokati? -- Mogashana.

En waar is hy gestasioneer? -- Hy is ŉ polisieman te Sebokeng.

Was hy in September 1984 ook ŉ polisiebeampte in Sebokeng? -- In 1984 het hy daar in Sharpeville diens gedoen. Hy het daar rondbeweeg.

HOF : Net interessantheidshalwe, hoekom het hy nie dieselfde van as u nie? -- Dit is ŉ onegte kind wat ek gekry het voor ek getroud was.

MNR. FICK : En hy is ŉ lid van die Suid-Afrikaanse Polisie? -- Nee, hy is nie van die SAP nie. Hy is ŉ inspekteur by die administrasieraad.

As inspekteur, werk hy met die behuising of waarmee werk hy? -- Van hy seergekry het is hy nie meer buite die kantoor nie. Meeste van die tyd doen hy sy dienste in die kantoor.

Waarom het u vir die hof gesê hy is ŉ polisieman? -- Ja, hulle is aan my bekend as polisie. (As ek mag verduidelik. Dit is juis die rede hoekom ek seker gemaak het watter tipe polisieman praat sy van. Dit is toe dit vir my duidelik geword het dat sy nie van die SAP praat nie, na aanleiding van die vraag.)

Nou gaan ons terug na die vergadering van 19 Augustus 1984. Het u op hierdie dag van 19 Augustus 1984 enige

polisieman/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

polisieman gesien in die omgewing van die vergadering? -- Nee, ek het nie.

Ken u 'n polisieman met die van van Koaho? -- Nee, ek ken hom nie.

Ken u 'n polisieman met die naam van Moagi? -- Nee, ek ken hom nie.

Die vergadering van 19 Augustus, is dit vir u gesê op die vergadering wie se vergadering is hierdie? -- Ek verstaan nie die vraag nie, want daardie vergaderings was vir ons, die inwoners van daardie woonbuurt.

Is dit gesê wie hou hierdie vergadering? Wie is die mense wat hierdie vergadering gereël het? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Het iemand op hierdie vergadering van 19 Augustus die vraag geopper, maar wat van die mense wat al die huur gaan betaal? Ons het hier besluit ons gaan nie die verhoogde huur betaal nie? Wat van die mense wat gaan betaal? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

Was die boikot van die raadslede, die eis dat die raadslede moet bedank en die besluit dat julle nie die verhoogde huur gaan betaal nie, al oplossing van julle probleem oor die huurkwessie wat julle op die vergadering bespreek het? -- Ja.

Die resolusies van die vergadering of op die vergadering van 19 Augustus, hoeveel keer was dit voorgelees aan die gehoor? -- As ek reg onthou was dit drie keer. Dit is nou as die persoon wat die eerste voorstel gemaak het ook daarby getel word.

Het daar nie 'n persoon gepraat afkomstig van Soweto wat voorgestel is as ene Mandla nie? -- Nee.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het daar ŉ persoon gepraat en gesê dat hy kom van Soweto en hulle van die Soweto Youth Congress is daar om hulle solidariteit met die mense van die Vaal te betoon in hierdie "struggle" oor die huurkwessie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Sê u dit het nie gebeur nie of kan u dit nie onthou nie? -- Dit het nie gebeur nie. Ek het dit nie gehoor nie.

Ken u ŉ persoon met die naam van Lazarus More? -- Nee, ek kan nie die persoon onthou nie.

Ek wil aan u stel dat Hlubi was nie die voorsitter van hierdie vergadering nie, maar wel ŉ persoon met die naam van Lazarus More? -- Ek het Hlubi gesien daar wat ŉ spreker was.

Is dit al hoekom u sê hy die voorsitter was omdat hy gepraat het? -- Nie net dit nie. Hy is die persoon wat melding gemaak het van die vorige vergadering se resolusies op hierdie vergadering en sy optrede daar, hy is die persoon wat ons ingelig het van wat ook al daar gebeur het.

Ons het Donderdag afgesluit, toe het u vir die hof gesê dat hierdie vergadering was ŉ rustige vergadering? -- Ja, ek sê dit nou nog.

Daar is ŉ bewysstuk ingehandig in hierdie hof, vir rekorddoeleindes BEWYSSTUK AAQ7 van ŉ verslaggewer wat beweer word op die vergadering sou gewees het en die man beweer dat die vergadering was bygewoon deur "one thousand five hundred angry Sharpeville residents." Wat sê u daarvan? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

En verder word die vergadering beskryf as ŉ "emotion charged meeting." Wat sê u daarvan? -- Nee, dit is nie so nie.

Verder/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Verder is daar beweer dat op die vergadering is daar "Black power slogans" geskreeu. Wat sê u daarvan? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

En dan word daar verder beweer dat hierdie vergadering gehou was - terwyl die vergadering gehou was, was daar "chanting of songs by die crowd." -- Al wat ek van weet is dat ons daar 'n lied gesing het toe ons begin het. Daarna het ons geluister na waarvoor ons soontoe gekom het, dit wil sê wat daar gesê word.

Sê u dan die persoon wat hierdie verslag geskryf het vertel leuens? Dit is nie wat daar gebeur het wat ek nou aan u gestel het nie? -- Al dit waarvan u nou gepraat het, het ek nie gehoor nie.

Het u nie op die vergadering gehoor iemand skreeu "Amandla" en dan antwoord die gehoor met "Ngawethu" nie? -- Nie in die vergadering terwyl die vergadering aan die gang was nie. Na die vergadering uit was, het ek wel met ons uitgaan dit gehoor.

Het die hele gehoor dit geskreeu toe u uitgegaan het? -- Nee, nie die hele gehoor nie. Daar was van ons wat besig was om hande te klap. Daar was van die mense wat natuurlik geantwoord het daarop, maar nie almal het daarop gereageer nie.

Maar het beskuldigde nr. 1 byvoorbeeld nie toe hy gepraat het "Amandla" geskreeu en sy regtervuis so in die lug opgelig voor hy begin praat het nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Beteken dit nou dit het nie gebeur nie? -- Ja, dit het nie gebeur nie.

Jy sien, ek wil aan u stel die verdediging het gestel

aan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aan die staatsgetuies dat beskuldigde nr. 1 dit wel gedoen het en dit staan in volume 26 op bladsy 1 246? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Maar is daar enige rede hoekom u dit nie sou sien nie as dit gebeur het? -- Ek kan nie 'n rede sien nie, want die mense was nie ver van my gewees nie.

Beskuldigde nr. 2, het hy gedurende die vergadering op die verhoog gesit? -- Nee.

Waar het hy gesit gedurende die vergadering? -- Ek het hom net sien verbygaan waar ek gesit het van agter af, dit wil sê vanaf die gehoor wat daar was.

Waarheen het hy verby gegaan? -- Na vorentoe daar by die verhoog.

Het hy op die verhoog gegaan? -- Hy is op die verhoog en hy het toe daar met die voorsitter gepraat. Hy het toe teruggekeer, af van die verhoog af en net voor die verhoog daar, maar nie op die verhoog nie, gaan staan.

Is dit toe hy gepraat het? -- Ja.

Het u beskuldigde nr. 2 meer as een keer gesien daar van agter af gaan vorentoe daar na die verhoog toe op enige stadium gedurende die vergadering? -- Ek het hom net op een stadium gesien.

Het u toe u beskuldigde nr. 2 gesien het na die voorsitter toe gaan gesien of hy enigiets aan die voorsitter oorhandig? -- Nee, hy het niks aan die voorsitter gegee nie, behalwe dat hy naby aan die voorsitter se oor gefluister het.

Het beskuldigde nr. 2 op enige stadium met beskuldigde nr. 3 op die vergadering gepraat? -- Ek het hom nie gesien met beskuldigde nr. 3 praat nie. Ek het hom wel gesien met

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die voorsitter praat. Dit het vir my voorgekom asof hy, beskuldigde nr. 2, besig was om te vra vir toestemming van die voorsitter om 'n toespraak te maak aan die gehoor.

Want u sien, daar is beweer in hierdie hof dat beskuldigde nr. 2 het op 'n ander stadium blykbaar ook vorentoe gegaan. Hy het toe 'n nota gevat en vir beskuldigde nr. 3 gegee? Is dit verkeerd? -- Ek het dit nie gesien nie.

Het dit nie gebeur nie? Is dit wat u sê? -- Ek sal dit nie ontken nie, maar ek sê ek het dit nie gesien nie.

Beskuldigde nr. 1, was hy op die verhoog? Het hy daar gesit? -- Hy het daar uitgekom van tussen die klomp wat daar sitplekke gehad het op die verhoog.

Was hy van die begin van die vergadering af daar op die verhoog, beskuldigde nr. 1? -- Dit is hoe ek dit onthou, want al die mense waarvan ek praat wat daar bo gesit het, het alreeds daar gesit.

Beskuldigde nr. 2, na hy sy sê gesê het op die vergadering, het hy daar gebly waar hy sy toespraak gemaak het of is hy iewers heen? -- Hy het teruggekeer na die gehoor toe.

Het enigeen op hierdie vergadering van 19 Augustus gesê maar die regering moet die huur betaal, want dit is hulle wat die apartheidhuise gebou het? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Maar het beskuldigde nr. 16 nie so gesê nie? -- Nee, hy het nie.

U weet dit vir seker? -- Ja, ek is seker op die woorde wat hy gesê het wat ek onthou dat hy dit nie gesê het nie.

Net vir rekorddoeleindes, volume 239 bladsy 12 717 en 8. Daar beweer beskuldigde nr. 3 dit was beskuldigde nr. 16 se toespraak. -- Indien hy dit gesê het, sal ek dit nie

ontken/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ontken nie, maar ek het dit nie gehoor nie.

Ontken u dit nou nie net omdat beskuldigde nr. 3 gesê het beskuldigde nr. 16 het dit gesê nie? U is nou nie meer so seker as wat u netnou was nie? -- Ek het dit nie gehoor nie.

Die mosie van beskuldigde nr. 2 in verband met die boikot van die raadslede se besighede, het julle gestem daaroor? -- Ja, ons het.

Hoe is daar gestem oor dit? -- Ons het net mondelings almal saamgestem daarmee.

HOF : Het almal gesê "Ja, dit is reg"? -- Ja.

MNR. FICK : Ek het vroeër aan u ŉ sekere bewering gestel oor ŉ nota wat beskuldigde nr. 16 sou gehad het. Ek wil net ŉ ander bewering aan u stel en hoor wat is u kommentaar daarop. Is dit nie dalk so dat beskuldigde nr. 16 het ŉ nota gehad wat hy kort-kort na gekyk het asof hy sy toespraak maak van die nota nie? -- Hy het wel ŉ papier in sy hand gehad, maar hy het nie daarna verwys nie.

Net vir rekorddoeleindes beskuldigde nr. 2 het so getuig in volume 220 bladsy 11 642. Daar beweer beskuldigde nr. 2 dat beskuldigde nr. 16 het na die notas gekyk asof hy sy toespraak maak van die notas af? -- Beskuldigde nr. 16 het voor my gestaan tydens sy aflewering van die toespraak. Hy het wel ŉ papier in sy hand gehad wat so opgevou was soos hierdie sakdoek van my. Hy het nooit na die papier verwys nie.

HOF : U bedoel opgerol? -- Opgerol, ja.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 1, hoe het dit gekom dat hy ŉ toespraak maak op hierdie vergadering? Het hy ook soos beskuldigde nr. 2 gaan toestemming vra om te praat

gedurende/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gedurende die vergadering of weet u nie? -- Ja.

Ja, wat nou? Weet u nie of het hy gaan toestemming vra? -- Ek sê ja, hy het gevra, want sy naam was nie geroep nie. Ek het dit nie gehoor nie, maar die volgende ding is, hy het opgestaan. Ek neem aan dat hy wel gevra het, want hy het sommer daar van die verhoog af opgestaan.

U het hom nie gesien terwyl die vergadering aan die gang was opstaan en daar gaan toestemming vra om ŉ toespraak te maak nie? -- Daar was mense wat bymekaar gesit het op die verhoog. Dit kan wees dat hy die voorsitter genader het en vir hom gevra het vanwaar hulle gesit het en dat ek dit nie gesien het nie, maar ek het hom nie gesien die voorsitter nader nie.

Dan wil ek met u gaan na die vergadering van 26 Augustus 1984. Hoe het dit gekom dat u hierdie vergadering van 26 Augustus bygewoon het? -- Wie? Ek?

Ja, hoe het u geweet van die vergadering? -- Ek het daarvan geweet, want ons was by die vergadering van die 19de waar ons die huur bespreek het.

Was dit aangekondig op die 19de daar sal weer een wees op die 26ste? -- Ja.

Was die tyd ook aangekondig? -- Ja.

U het nou by die vergadering van die 26ste gekom. Was u alleen? -- Ek het mense gehad wat saam gestap het. Met ons aankoms daar het ons gevind dat die mense besig was om in die kerk in te gaan. Dit is die kerkgebou.

En wat was besig om te gebeur in die kerk toe u ingegaan het? -- Ek het gevind dat van die mense alreeds sit en daar is van die mense wat nog besig was om na sitplekke toe te gaan.

In/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

In die algemeen oor hierdie vergadering, was daar enige baniere in die kerk? -- Wat is ŉ banier nou?

Soos ek laas aan u verduidelik het, dit is ŉ stuk lap waarop iets geskryf is wat teen ŉ muur vasgesit word of hy word gedra aan twee stokke? -- Ek het ŉ lap gesien daar. Ek kan nou net nie meer verstaan of u nou bedoel dit is die lap waarvan u praat en waaromtrent u my vantevore gevra het nie.

Ek het u gevra vantevore oor ŉ lap op die vergadering van 19 Augustus. Toe het u ŉ beskrywing gegee van ŉ lap. Was daar weer so ŉ lap of was dit ŉ ander lap? -- Nee, ek onthou nie dat ek dit gesien het nie.

Daar was nie weer by die preekstoel ŉ banier nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. Ek weet nie, maar ek het dit nie gesien nie.

Ook nie dieselfde banier wat u op die 19de gesien het, het u weer gesien op die 26ste nie? -- Ek het nie opgelet nie, maar ek het dit nie gesien nie.

Hoekom het u nie opgelet nie? U het dan opgelet op die 19de se vergadering. Hoekom het u hier nie opgelet nie? -- Op die 19de het ek dit opgelet, want ons is van die eerste persone vroeg in die saal in of in die kerkgebou in.

Waar het u gesit in die vergadering van 26 Augustus? -- Ek het meer na regs gesit van daardie kerkgebou op die tweede ry se stoele aan die regterkant, soos wat ŉ mens dit en na die verhoog toe kyk.

Min of meer dieselfde plek as wat u op die vorige vergadering gesit het? -- Ja.

U sê vir die hof op hierdie vergadering het beskuldigde nr. 2 ook gepraat? -- Ja.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoe het dit gekom dat beskuldigde nr. 2 op hierdie vergadering praat? -- Die voorsitter het hom aan ons voorgestel.

Voor beskuldigde nr. 2 gepraat het, waar het hy gesit? Op die verhoog of waar? -- Hy het daar op die verhoog gesit saam met die voorsitter.

Reg van die begin af? -- Ja.

Ken u vir Nozipho Myeza? -- Ja, ek ken vir Nozipho.

Was Nozipho op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ek het haar nie gesien nie.

En beskuldigde nr. 3, was hy op die vergadering van die begin af? -- Nee, hy was nie.

Wanneer het hy opgedaag? -- Die vergadering het alreeds begin. Ons het alreeds begin praat van hierdie resolusies van verlede week gedurende daardie tydstip wat hy daar aangekom het.

Wat sal u sê van ŉ bewering dat Nozipho Myeza deur die voorsitter gestuur is daar na die gehoor toe en vir beskuldigde nr. 2 gaan roep het uit die gehoor uit om te kom praat? -- Dit is nie hoe ek dit gesien het nie, ook nie hoe ek dit gehoor het nie.

Die verwysing is volume 266 bladsy 11 999. Is beskuldigde nr. 2 voorgestel en gesê vanwaar hy is? -- Ja.

Wie het hom voorgestel? -- Die voorsitter.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus tog, mnr. Fick. Die volume is verkeerd. U sê volume 266?

MNR. FICK : Dit is so.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : 11 999.

MNR. FICK : 11 999.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Volume 266 begin eers op 14 322.

MNR. FICK : Ek is jammer, dan is dit verkeerd geskryf.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit mag dalk 226 wees die volume.

HOF : Probeer 226.

MNR. FICK : U sê die voorsitter het vir beskuldigde nr. 2 voorgestel. Hoe het hy hom voorgestel? As van waar? -- Hy het gesê "Kortliks gaan ek ŉ persoon laat opstaan wat ŉ spreker was by die vorige vergadering en die mense wat by daardie vergadering was, sal weet wie die persoon is en die persoon is van AZAPO.

Het beskuldigde nr. 2 die gehoor gegroet? -- Ja.

Met "Amandla"? -- Nee.

Nou hoe het hy die gehoor gegroet? -- Wat hy gesê het is "Ek groet julle inwoners van Sharpeville."

U het in u hoofgetuienis ŉ klomp goed gesê wat u sê beskuldigde nr. 2 sou gesê het. Nou wil ek u iets anders vra. Het beskuldigde nr. 2 gesê dat die raadstelsel is ŉ strik wat die regering gestel het sodat ons eie mense ons moet onderdruk? -- Ek dink ek onthou so iets dat hy dit so gesê het. Alhoewel dit nie die regering genoem het nie, maar daardie tipe woorde was gebruik.

Is daar enige resolusie aanvaar op hierdie vergadering van die 26ste of enige van die vorige vergaderings wat u by was in die Vaal in verband met die vraag wat het geword van die geld wat verkry sou word van bottelstore en drankwinkels wat verkoop is?

HOF : Wat is die verskil tussen ŉ bottelstoor en ŉ drankwinkel?

MNR. FICK : Dit is dieselfde ding. -- Nee, nie in daardie sin wat u dit nou stel nie. Wat ek wel gehoor het was asof mense daar gesels en sê "Ons het bottelstore hierso wat geld maak. Ons weet nie vir wat word daardie geld gebruik of

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat word van daardie geld nie. Dit was op daardie basis dat ek gehoor het dat melding gemaak word van die bottelstoor.

Waar het u nou gehoor die mense gesels oor die ding? -- Hoekom ek sê dit was net ŉ praatjie gewees. ŉ Persoon vanuit die gehoor het dit genoem by hierdie vergadering en dit was nie opgeneem nie. Niemand het dit geantwoord nie. Dit was net daar gelaat.

Was dit nie ŉ vraag wat met die vergadering van 19 Augustus ook opgeduik het nie? -- Dit kan wees dat dit daar ook genoem was, maar dit is juis die rede hoekom ek sê dit was net iets wat genoem is en toe nie verder gevoer was nie.

Was dit nie deur die voorsitter genoem - na verwys as deel van die resolusies wat julle sou geneem het op die vorige vergadering van 19 Augustus nie? -- Nee, daar was net drie resolusies gewees wat hy van melding gemaak het by hierdie vergadering.

Hoekom ek u vra is, hier is ŉ dokument, ŉ transkripsie ingehandig deur die verdediging, V31 van wat op hierdie vergadering van 26 Augustus na bewering sou gebeur het en hiervolgens op bladsy 3 blyk dit dat volgens die transkripsie ene P. Hlubi verwys het na resolusies en hy het gesê "What we do not pay is the R5,90 increase. Are we still there, all of us?" Dit is die eerste een. "The second thing, we agreed we no longer want councillors altogether." Dan "The third thing a question arose as to where the money for the bottle-stores and the money for other things which could be of value to the community was and how it is spent? The fourth thing, we agreed that their shops and garages must not be used." -- Volgens my wete en wat ek daar gehoor het was dit nie deur Hlubi geopper nie. Die kwessie van die

drankwinkels/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

drankwinkels was deur iemand vanuit die gehoor geopper in hierdie vergadering.

U het verder getuig dat op hierdie vergadering was daar gepraat van ŉ petisie? -- Ja.

Is dit die eerste vergadering wat u bygewoon het waar oor die petisie gepraat is? -- Ja.

Is daar op hierdie vergadering verduidelik wat gaan met die petisie gedoen word? -- Ja.

Eerstens, wie het verduidelik wat gaan met die petisie gedoen word? -- Beskuldigde nr. 3.

Hoe het hy verduidelik wat gaan met die petisie gedoen word? -- Ja, sy verduideliking aangaande die petisie was dat dit ŉ dokument is waarop geskryf is wat die mense se klagtes is en dieselfde dokument word dan geteken deur die mense as die dokument wat die klagtes bevat.

En het beskuldigde nr. 3 verduidelik wat word van die petisie as hy geteken is? -- Dat dit na die stadsraad van Lekoa gestuur sal word.

Het hy gesê wie sal die petisie stuur? Is daar besluit op die vergadering of wie sal dit neem? -- Nee, dit was nie besluit nie.

U sê vir die hof u het toe u naam geteken op ŉ petisie? -- Ja.

Hoe ŉ groot papier was dit waarop u geteken het? Was dit ŉ folio grootte? Kan ek u wys? Was dit so, of groter of kleiner? -- ŉ Bietjie korter as daardie een.

ŉ Bietjie korter as ŉ folio bladsy sê u.

<u>HOF</u> : A3.

<u>MNR. FICK</u> : Was u versoek om te teken of hoekom het u geteken? -- Ek het dit geteken as ŉ inwoner van Sharpeville

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat 'n klagte het oor die verhoging van die huur. Dit is die verhoging van R5,90.

Was u versoek om dit te teken? -- Dit sal ek nie sê was 'n versoek nie. Wat gesê was daar is dat wie ook al voel dat die persoon nou bereid is om te teken vir hierdie klagtes wat vervat word daar, staan dit daardie persoon vry om te teken.

Is daar gesê dit is 'n petisie wat nou omgestuur word vir die gehoor om te teken? -- Volgens my eerstens was dit nie gesê dat dit 'n petisie is nie en tweedens was dit nie gesê na ons dit geteken het dat daar nog 'n ander dokument gebring gaan word nie.

Het enigiemand op die vergadering gesê waarvoor gaan die papier rond in die gehoor? -- Ek het dit nie te hore gekom waarvandaan en deur wie daardie dokument gestuur is nie. Al waarvan ek geweet het was dat inwoners van Sharpeville, diegene wat voel hulle het 'n klagte, sal daardie dokument teken, maar dit staan die persoon vry om dit te doen.

Weet u waarvandaan hierdie papier gekom het wat u geteken het of weet u nie? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat ek nie in staat is om vir die hof te kan sê van wie af en waarvandaan dit kom nie.

En u weet ook nie wat op die ding gestaan het nie, maar u het dit geteken? -- Ja. wat gesê was was dat inwoners van Sharpeville wat voel dat hulle klagtes het, moet hier teken. Omdat ek 'n inwoner is van Sharpeville, het ek dit nodig geag om dit te teken.

Wie het dit gesê? -- Beskuldigde nr.3.

Is dit die eerste en enigste vergadering wat u

bygewoon/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bygewoon het gedurende Augustus 1984 waar petisievorms rondgestuur is om geteken te word? -- Dit was die heel eerste vergadering wat ek bygewoon het waar daar hierdie tipe papier beskikbaar gestel is.

Hoekom ek u vra is, u sien daar is gestel in volume 30 op bladsy 1 121 dat "on the 2nd (dit is nou ŉ latere datum) and indeed on the Sundays before that, people who attended these meetings signed petition forms." -- Watter vergadering dit was, weet ek nie, wat die datum is.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nie volume 30 nie.

MNR. FICK : Ek sal solank aangaan. U sê die persoon Botha het ook op hierdie vergadering gepraat? Is dit reg? -- Watter vergadering praat u nou van, want ek verstaan nou nie watter vergadering dit is nie.

26 Augustus 1984? -- Ja.

En as ek u hoofgetuienis reg verstaan sê u hy het "quite a lengthy speech" gemaak, ŉ taamlike lang toespraak. Hoe lank het hy gepraat? -- Ek sal nie kan sê hoe lank hy geneem het om dit te skat nie, want onmiddellik toe hy begin praat het, het hy toe Engels gepraat. Ek kon nie verstaan nie en ek het dus nie geweet met wie hy praat as hy Engels praat nie, want ek kon nie verstaan wat hy sê nie.

Maar u weet tog seker hoe lank het hy gestaan en praat oor goed waarvan u nie weet nie? -- Ek skat dit ongeveer tussen vyf en ses minute het hy gepraat.

Hoe het dit vir u gelyk? Was die gehoor tevrede met dit wat hy gesê het? -- Ons was nie tevrede nie, want kyk byvoorbeeld ek het hom nie so goed verstaan nie, maar ek het gehoor hy maak melding van ŉ petisie wat betrekking het op die busse, terwyl daar gepraat was van ŉ petisie wat

betrekking/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betrekking gehad het op die stadsraad van Lekoa.

Wat was die gehoor se reaksie? Was hulle tevrede? Het hulle hom toegejuig met wat hy gesê het? -- Die vergadering was nie tevrede met hom nie. Soveel so dat beskuldigde nr. 3 hom gestop het om verder te praat.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Net interessantheidshalwe, verstaan u Afrikaans? -- Ja, so 'n bietjie.

MNR. FICK : U het in u hoofgetuienis gesê dat beskuldigde nr. 3 het hom tereg gewys. Hoe het beskuldigde nr. 3 vir Botha tereg gewys? -- Hy het gesê dit is nodig dat mense dinge hier begin praat wat eintlik geen doel dien nie. volgens my wat daar gebeur het is die volgende, dat mense sou gevra word teenwoordig daar of elke blok mense gehad het wat by hierdie vergadering teenwoordig is. Eers na dit vasgestel is, sou daar dan besluit word tussen die mense van daardie blok wie hulle besluit het om te kies om in die raad te dien wat dan as 'n verteenwoordiger vir die blok sou gewees het.

Is daar op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 enige besluite geneem of enigiets gesê oor wanneer hierdie petisievorms gereed moet wees? -- Daar was nog nie 'n besluit geneem daaromtrent nie, want ons was veronderstel gewees om nog 'n vergadering by te woon op die 2de. Dit is nou 2 September.

Is daar op hierdie vergadering van 26 Augustus enige besluite geneem of iets gesê oor petisievorms wat moet sirkuleer in die woongebiede? -- Eers na die komitee gekies was, sou dit gedoen word.

Was daar op hierdie vergadering gesê wat word van die papier wat daar in die vergadering rond gaan wat u ook

geteken/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geteken het, waarvoor dit is? -- Ek het hier aan die hof gesê dat wat gesê was daar was dat ŉ petisievorm word nou gestuur en dit bevat die mense se klagtes. Wie ook al ŉ klagte het sal dit moet onderteken. Met daardie verstandhouding het ek daardie papier wat deurgestuur is toe geteken.

Het daar net een vorm gesirkuleer op die vergadering? -- Daar was meer as een. Een aan die kant waar ek was. Daar was wel ander aan die ander kant waar die ander mense was.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MARIA MOLAWANI MOKATI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Die ander vorms wat daar ook gesirkuleer is, het dit gelyk soos hierdie een wat u geteken het? Was dit dieselfde soort dokument? -- Ek sal so sê, ja, al het ek nie die goed van naby gesien nie, maar ek aanvaar dat dit dieselfde was.

Is daar op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 gesê dat daar moet mense - wie die mense is of hoe die mense aangewys gaan word wat in die wyke moet werk in Sharpeville in verband met die petisie? -- Ek dink ek het dit verduidelik deur te sê dat daar eers ŉ komitee gestig gaan word en dan van die lede van die komitee af, sal die mense uit gekies word as verteenwoordigers by hierdie gebiede.

Die dokument wat u geteken het, u sê wat ŉ bietjie kleiner as A3 is, was sy bokant of sy sykante heeltemal reg af, glad gesny soos hierdie papier, A3 of het hy ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. A3 is nie BEWYSSTUK A3 nie?

MNR. FICK : Nee.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Wat u na verwys is folio grootte A3?

MNR. FICK : Folio grootte A3. Het hy so gelyk of het hy aan enige van die kante gaatjies ingehad of was hy geperforeer? -- Ek het nie opgelet nie. Ek kan nie sê nie.

Was dit in ŉ boekie of was dit ŉ los papier gewees? -- Dit was ŉ los blaai gewees, nie ŉ boekie nie.

Is dit nie so dat die mense in die vergadering gevra is om hulle name op ŉ lys te skryf, dit is nou diegene wat bereid is om te help om die petisie rond te neem in die verskillende wyke in Sharpeville nie? -- Nee.

Op die vergadering van 26 Augustus 1984, is daar op enige stadium deur enigeen verwys na die busse van die Vaal Transport Corporation en is daar beweer dat die Vaal Transport Corporation is in elk geval net in die woongebiede om die mense te eksploiteer? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Wat beteken dit? Dit is nie gesê nie of kan u dit nie onthou nie? -- Dit was nie gesê nie.

Nie eers beskuldigde nr. 3 het so iets gesê nie? -- Ek verstaan nie hoekom u dit nou hier by betrek nie en waarom u nou daarvan praat nie, want ons was daar gewees aangaande die verhoging van die huur. Dit het niks te doene gehad met die busse nie.

Het beskuldigde nr. 3 nie daarvan melding gemaak nie? -- Ja, hy het.

Hoe so? Hoekom het u dit netnou ontken dat iemand op die vergadering dit gesê het? -- Ja, toe ek dit ontken het het ek dit nie verstaan nie. Die vraag was nie soos nou gestel nie. Beskuldigde nr. 3 het daarvan gepraat, maar dit was in hierdie verband, al het ons miskien gevoelens, maar daardie gevoelens van ons moet nie die gedagte by ons

bring/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bring dat ons nou iets aan die busse moet doen nie. Dit was in daardie verband dat hy melding gemaak het van die busse.

Ek wil aan u stel dat volgens die transkripsie V31 wat die verdediging ingehandig het, is daar geen sprake van wat u nou vir die hof gesê het dat beskuldigde nr. 3 dit sou gesê het in daardie verband nie? -- Ek weet nie wat is vervat in daardie transkripsie nie. Ek praat van wat ek weet. As dit van my verwag word om dit verder te verduidelik, sal ek dit doen.

Is dit nie so dat beskuldigde nr. 3 het gesê oor die kwessie van die busse dat die goed behoort nie aan ons nie, dit is nie my verantwoordelikheid as dit beskadig word nie en ons weet in elk geval dat die Vaal Transport Corporation is in die woongebied om ons te onderdruk. Dit is wat hy gesê het? -- Ja, hy het so gesê, maar mag ek verduidelik?

HOF : Ja? -- Hy het dit so gesê. "Die verduideliking wat ek wil gee is die volgende." Hy het 'n voorbeeld gemaak deur homself te gebruik as 'n voorbeeld van wat hy gesê het deur te sê "Wie ook al dit mag wees wat dink dat die busse nou beskadig moet word, daardie persoon moet dit goed dink en moet nie net sê ek gee nie om nie, die busse is nie myne nie, dit het niks met my te doen nie. Jy moet weet dat die wet daar is en die wet moet toegepas word indien daar enige ding gedoen word aan die busse ."

MNR. FICK : Ek wil vir u verder vra, het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat die kinders kan ons in die "struggle" in die stryd "join"? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Het enigiemand op die vergadering gesê dat die tyd is nog nie reg vir die kinders om in die stryd in te gaan

"the/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"the time is not yet right to force our children to accompany us" nie? -- Ek verstaan dit nie, as u praat van tyd, gee dit vir my 'n bietjie moeilikheid om te verstaan wat u eintlik sê.

Het enigiemand op die vergadering gesê kyk, die kinders kan ons - ek sal vir u lees "They can join us within the struggle but not now. The time is not yet right to force the children to accompany us"? -- Nee.

Ken u 'n persoon met die naam Mokgema? -- Ek ken 'n Mokgema, 'n polisiebeampte.

Was daar 'n Mokgema wat op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 gepraat het? -- Nee, ek het nie daardie naam gehoor nie.

Sê u daar het nie so 'n persoon gepraat nie of onthou u nie? -- Ek onthou nie dat daardie naam genoem was nie en selfs wat daar gesê was aangaande die persoon kan ek net nie sê nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Sy naam is glo Mothofela Mokgema? -- Ek ken hom nie. Ek ken wel 'n persoon Mokgema wat 'n polisiebeampte is te Sharpeville.

MNR. FICK : Het enigiemand op hierdie vergadering van 26 Augustus gesê dat op 3 September gaan daar mense wees wat uitsluip uit die woongebiede en dan gaan hulle op die busse en die taxi's klim en alle busse en taxi's sal gestop word om in te kom in die woongebiede? -- Ja, dit het ek gehoor.

Wie het dit gesê? -- Ek weet nie wie die persoon is nie.

Is daar so 'n resolusie aanvaar op die vergadering van 26 Augustus dat alle busse en taxi's sal gestop word om in te kom in die woongebiede? -- Niemand het dit verder uitgevoer nie.

En het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar sal mense gekeer word om te gaan werk op 3 September? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

K1119 Op die vergadering van 26 Augustus, is dit so dat al oplossing wat daar bespreek was in verband met die huurkwessie is weer eens die eis vir die bedanking van die raadslede, die weiering om die verhoogde huur te betaal, die boikot van raadslede se besighede en is daar enige verdere resolusies aanvaar om hierdie probleem op te los? -- Ja.

Watter ander? -- Wat bygekom het daar was die petisie in die hof, want na dit was dit toe verder verduidelik dat die boikot van die raadslede se besighede is nie dat ons hulle nou haat nie.

Wie het iets van die hof te sê gehad op die vergadering van 26 Augustus? -- Beskuldigde nr. 3.

Wat het hy van die hof te sê gehad? -- Op die stadium toe hy bekend gemaak het van die petisie en dieselfde verduideliking van die petisie, het hy melding gemaak van die hof.

Maar wat het hy gesê van die hof? -- Wat hy gesê het aangaande die hof was dat ons hof toe sal moet gaan in die eerste plek om vir die hof te gaan vra om die verhoging van R5,90 te stop en tweedens dat daar ondersoek ingestel word by die hof of dit wettig was dat hierdie R5,90 toegepas moet word.

Wanneer het beskuldigde nr. 3 gesê sou julle hof toe gaan? -- Daar was geen besluit geneem oor hierdie twee nie, want ons was veronderstel gewees om nog 'n vergadering te hou op die 2de.

Hierdie vergadering van die 2de, is dit 2 September 1984? -- Ja.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 gesê daar sal nog 'n vergadering wees op 2 September 1984? -- Ja, dit was.

Wie het dit aangekondig? -- Die voorsitter.

Is dit nou voorsitter of iemand anders? -- Hlubi.

En het Hlubi vir die gehoor gesê die voglende vergadering is 2 September 1984 en wat die doel daarvan is? -- Hy het nie gesê wat die doel van die vergadering was nie. Ons sou eers by die vergadering gehoor het watter resolusies word daar aanvaar.

Kom ek u oor hierdie aankondiging vra. Hier is getuienis voor die hof dat daar is geen aankondiging gemaak aan die einde van hierdie vergadering van 'n volgende vergadering nie? En al hoe die mense gedink het daar gaan 'n volgende vergadering wees omdat daar gesê is die volgende naweek moet hulle die petisies terugbring wat hulle gesirkuleer het in die woongebiede? -- My kennis is dat daar bekend gemaak was dat ons op die 2de weer gaan vergader.

